Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-05-05

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 6/2023

SKOOLKONSERT

(S)toepstories: Ons kinders is hard aan die oefen vir die leerderkonsert en kan nie meer wag om (*S)toepstories* aan u bekend te stel nie. Hier volg belangrike inligting rakende die konsert en die week van 15 tot 19 Mei 2023:

Skoolure:	Alle leerders verdaag om 12:00 op 15, 16, 17, 18 en 19 Mei 2023.
Akademiese rooster:	Die normale akademiese rooster word gevolg – met verkorte periodes.
Buitemuurs:	Alle buitemuurse aktiwiteite staak tydens die konsertweek. Die o/9A-, o/11A- en o/13A-rugbyspanne speel egter Maandag (15/5) teen Sunridge.
Vertonings:	Vertonings vind in die skoolsaal plaas op 16, 17 en 19 Mei 2023. Vertonings begin stiptelik elke aand om 18:00 en eindig om 21:00.
Kaartjies:	R 100 (volwassenes / skoolgaande jeug), R 50 vir voorskoolse kinders. Geen bespreekte sitplekke. Geen kaartjies word by die deure verkoop nie. Kaartjies kan vooraf by die skoolkantoor aangekoop word.
Leerder reëlings:	Alle leerders moet elke aand om 17:00 by hul lokale aanmeld. Leerders moet met basiese grimering aanmeld (maskara / lipstiffie / blosser, ens.). Alle leerders moet tot aan die einde van die vertoning in hul aangewese lokale bly aangesien almal in die slottoneel op die verhoog verskyn. Gr. RR/R-leerders mag na hul optredes huistoe gaan – daar sal egter toesig wees sou hierdie leerders tot aan die einde bly.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Snoepie: Daar sal afsonderlike snoepies vir leerders en volwassenes wees. Etes kan ook vir leerders aangekoop word – vooraf bestelling is hiervoor nodig. Sien asb. die afsonderlike Gr. 7-nuusbrief met afskeurstrokie in die verband.

Kleedrepetisie: ‘n Informele kleedrepetisie om alle leerders die geleentheid te gee om die konsert te sien vind Vrydag 12 Mei 2023 plaas – Geen ouers. Formele kleedrepetisie - Maandag 15 Mei 2023 – Geen ouers.

DVD/Geheuestokkie: ‘n Opname van die konsert sal na-afloop van die vertonings beskikbaar gestel word.

Vervoer van leerders: Daar sal ‘n skoolbus beskikbaar wees vir leerders van Jeffreysbaai, St. Francisbaai en Kwanomzamo gedurende die konsertdae (16, 17 en 19 Mei). Geen kind sal toegelaat word om na-afloop van die vertoning van die bus af te klim indien ‘n ouer of voog nie daar is om die kind te ontvang nie. Ouers moet dus asb. betyds by die busstoppe wees.

	Vertrektyd	Terugkomstyd
Jeffreysbaai (Fountains Mall)	16:30	21:30
St Francis Village Centre	16:30	21:30
Kwanomzamo (Mzingizi PS)	16:45	21:10
Kwanomzamo (Lungiso HS)	16:50	21:15

Indien u kind van die busdiens gebruik gaan maak, voltooi dan asb. die onderstaande afskeurstrokie en stuur dit dadelik terug aan Me. Nicole de Raedt, teen Dinsdag 9 Mei 2023.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

VERVOER VAN LEERDERS TYDENS DIE KONSERT

Ek, _____ ouer/voog van _____ Gr. __ gee hiermee toestemming dat hy/sy van die busdiens na/van

Jeffreysbaai ☐

St. Francisbaai ☐

Kwanomzamo ☐

tydens die konsert gebruik gaan maak. Ek sal sorg dat hy/sy betyds by die busstop afgehaal sal word.

My kontaknommer: _____ Handtekening: _____
(ouer/voog)

Datum: 2023-05-.....